education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## MODEL 2008

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1: HOE HET DIE VAL VAN DIE SOWJETUNIE TOT DIE BEËINDIGING VAN APARTHEID IN SUID-AFRIKA BYGEDRA?

### BRON 1A

Hierdie is 'n uittreksel uit '*Tomorrow is Another Country*' deur Alistair Sparks waarin hy die impak van De Klerk se toespraak beskryf.

Tuis was daar gemengde gevoelens – trauma, opgewondenheid en ongeloof soos verskillende groepe gesukkel het om vrede te maak met so 'n diepgaande verandering. Oorsee was daar 'n gees van verwonderig en verligting. Hier, so gou na Mikhail Gorbachev se perestoika-herstruktureringsrewolusie, was nog 'n wonderwerk van hervorming: skielik is Suid-Afrika en alles wat hy gesimboliseer het, getransformeer. Die toespraak van 2 Februarie het oral dieselfde effek op rasseverhoudings gehad as wat die val van die Berlynse Muur op kommunisme gehad het. Dit het die einde van die wêreld se laaste rasse-oligargie aangekondig.

Net soos Gorbachev nie kon voorsien dat sy herstrukturering van die Sowjetstelsel tot die verlies van sy Oos-Europese Ryk sou lei nie, net so het De Klerk nie verwag dat sy hervormings voor die einde van die dekade tot swart meerderheidsregering en die einde van Afrikanernasionalisme sou lei nie.

### BRON 1B

Bettina Luscher se reaksie op die val van die Berlynse Muur. Sy was die CNN ('Cable News Network') se nuusleser in Berlyn gedurende dié tyd.

Maar van al die internasionale invloede was Gorbachev se hervormings wat die kommunikastiese ryk laat begin het om te versplinter, die grootste, want dit het Pretoria se vrees dat die swart stryd 'n sameswering vanuit Moskou was, besweer. Dit het die las van De Klerk geneem en hom in staat gestel om sy aksieplan wat andersins soos 'n selfmoord sou lyk ... aan sy mense te regverdig. Ekonomiese sanksies en veldtogte om beleggings aan Suid-Afrika te onttrek, het verdere druk op De Klerk geplaas om op te tree. Dit, tesame met rasse-onrus, het Suid-Afrika in sy diepste finansiële krisis ooit gedompel. Geloof in die sakewêreld was op 'n algehele laagtepunt en die uitroep was toenemend: 'Ons kan nie so voortgaan nie!'

**BRON 1C**

President FW de Klerk se kommentaar oor die val van die kommunistiese ideologie in Rusland. Geneem uit *Quiet Diplomacy of Liberation* deur Christopher Landsberg.

> Die verval en ineenstorting van kommunisme in Oos-Europa en Rusland het 'n nuwe situasie ontketen. Voor dit was die ANC 'n uitbreidingsinstrument van Rusland in Suidelike Afrika. Toe dit verval het, is die ANC gepootjie. Die grondslag van hulle finansies, raad en morele ondersteuning het ineengestort. Dit was asof die Here 'n nuwe bedeling gebring het – 'n draaipunt in wêreldgeskiedenis. Ons moes die geleentheid aangryp ... Die risiko dat hulle die Trojaanse perd van wêreldmag kon wees, het drasties afgeneem.

**BRON 1D**

Die volgende is 'n uittreksel uit *Turning Points In History, Boek 6*, wat die betekenis van 2 Februarie 1990 verduidelik.

> Op 2 Februarie 1990 het De Klerk reuse hervormings aangekondig. Hy het die verbanning van die ANC opgehef, asook van die SAKP en PAC, die skrapping van die Wet op Aparte Geriewe ('Separate Amenities Act') aangekondig, asook die opheffing van media-regulasies en 'n moratorium op die doodsvonnis. Die mees sensasionele van almal was sy aankondiging dat Nelson Mandela en ander politieke gevangenes binnekort onvoorwaaardelik vrygelaat sou word. Frederick Van Zyl Slabbert het FW de Klerk gevra wat hom beweeg het om die aankondiging te maak. FW de Klerk het geantwoord dat hy 'n 'geestelike sprong weg van apartheid' beleef het en dat hy 'n gek sou wees indien hy nie die gaping wat die val van kommunisme in Oos-Europa veroorsaak het, benut het nie.
>
> Nog 'n vraag waaroor dikwels sedert 1990 gedebatteer is, is of FW de Klerk enige ander keuse gehad het as om te doen wat hy gedoen het. Teoreties kon De Klerk PW Botha se pad gevolg het en voortgegaan het met stuksgewyse hervormings. Maar dit sou byna sonder twyfel die Suid-Afrikaanse ekonomie vernietig het en daarmee saam wit rykdom. Dit sou waarskynlik ook verseker het dat die lae-intensiteit burgeroorlog in veelheid sou toeneem.
>
> Slabbert het die standpunt gehuldig dat FW de Klerk nie die omvang van wat hy veroorsaak het, ten volle besef het nie en dat hy (FW de Klerk) van mening was dat hy die proses tot aan die einde sou kon beheer. Mandela het in sy outobiografie geskryf dat FW de Klerk 'beslis nie die groot bevryder' was nie. Mandela het geglo dat FW de Klerk se doel was om 'n stelsel van magsdeling te skep, gebaseer op groepsregte wat 'n gewysigde vorm van minderheidsmag in Suid-Afrika sou bewaar.
>
> Party ontleders, aan die ander kant, redeneer dat dit FW de Klerk se rol as hervormer versterk het toe hy nie kop uitgetrek het nadat PW Botha hom openlik van samesprekings met die ANC gedistansieer het nie, of toe die AWB met 'n wit teenrewolusie gedreig het nie.

## VRAAG 2: HOE HET DIE VAL VAN DIE SOWJETUNIE AFRIKASTATE SOOS ZAÏRE (NOU DIE DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO) BEÏNVLOED?

### BRON 2A

Die volgende uittreksel is uit *The African States of the Congo War* deur JF Clark. Dit skets die impak van die einde van die Koue Oorlog op Afrikastate.

Armoede en skuld het in die jare sedert 1990 in die meeste Afrikastate toegeneem. Teen 1998 het Afrika 10 persent van die wêreld se bevolking gehad, maar minder as 1 persent van sy industriële produksie. Die val van die USSR en die einde van die Koue Oorlog het beteken dat Afrika se belangrikheid in internasionale aangeleenthede verminder het, soos in Zaïre, nou die DRK (Demokratiese Republiek van Kongo). Dit het ook beteken dat Westerse skenkers hulle prioriteite aangaande toekenning van lenings verander het. Voorheen was skenkerlande baie besorg daaroor dat hulle in die Koue Oorlog ondersteun sou word.

Die meeste state wat vandag hulp verskaf, ondersteun **demokrasie** en 'n **vrye mark.** Hierdie stelsels oorheers die denkpatroon van westerse regerings, internasionale instellings en nieregeringsorganisasies. Demokrasie het gedurende die Koue Oorlog min saakgemaak vir die mense wat dit vandag so ernstig ondersteun. Wat toe saak gemaak het, was aan watter kant jy in die Koue Oorlog was: of jy 'n bondgenoot van die Ooste (Sowjetunie, Kuba en Sowjet-tipe ideologie) was, en of jy 'n bondgenoot van die Weste was.

In die vroeë 1990's het die Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake, Warren Christopher, geredeneer dat om demokrasie en menseregte te bevorder, 'n bousteen van die Amerikaanse buitelandse beleid en die grondslag vir 'n nuwe verhouding met Afrika is. Douglas Hurd, Britse Minister van Buitelandse en Statebondsake, het Warren Christopher se mening gedeel in sy toespraak in die Britse Laerhuis: 'ekonomiese sukses hang grootliks af van doeltreffende en eerlike regering, politieke pluralisme en erkenning aan die oppergesag van die reg, asook vryer, oper ekonomieë.

**BRON 2B**

Die volgende bron is aangepas uit *Understanding Central Africa's Crisis.* Dit wys die betrokkenheid van supermoondhede in die Belgiese Kongo en hoe die Koue Oorlog daar verloop het.

België het vinnig onafhanklikheid aan sy kolonie, Kongo, gegee. Dit was 'n bydraende faktor tot al sy probleme. Sy Eerste Minister, Patrice Lumumba, het die Verenigde Volke-Organisasie om hulp gevra om sy land se eenheid in stand te hou. Die V.V.O. was bevooroordeeld en was vasbeslote om uitbreiding van Sowjet-invloed in Afrika te voorkom. Lumumba is vermoor, moontlik met V.V.O.-inwilliging en na vyf jaar van burgeroorloë, het Joseph Mobutu op 24 November 1965 in 'n magsgreep aan bewind gekom. Hy het die land se naam na Zaïre verander. Mobutu is deur die VSA ondersteun aangesien hulle 'n basis wou hê om hul Afrikabelange te bevorder. Hierdie ondersteuning het tot aan die einde van die Koue Oorlog geduur en het Mobutu toegelaat om eise vir politieke hervorming te ignoreer.

Die einde van die Koue Oorlog het beteken dat daar nie langer 'n noodsaaklikheid was om regimes soos dié van Mobutu wat antikommunisties maar korrup was, te ondersteun nie. Die kwessie van korrupsie kon nou gesien word as deel van die Weste se veldtog van 'goeie regering'. Mobutu is gedwing om sy persoonlike diktatorskap met 'n veelpartydemokrasie te vervang. Die beplande verandering na demokrasie onder leiding van Etienne Tshisekedi in 1992 het nie gerealiseer nie aangesien hy nie die steun gehad het om enigiets te bereik nie ... .

In 1997 het Laurent Kabila die nuwe leier geword. Hy het die land op 17 Mei 1997 na Demokratiese Republiek van Kongo herdoop, maar kon nie die probleme van die staat oplos nie. Mobutu het in ballingskap gevlug en het in September 1997 in Marokko gesterf.

**BRON 2C**

Die volgende uittreksel is aangepas uit *The African States of the Congo War*. Dit wys die betrokkenheid van Afrikastate en die supermoondhede in die Belgiese Kongo en hoe die Koue Oorlog verloop het.

Konflik het aangehou en die Kongo se bure het by die oorlog betrokke geraak. Angola het in sy olie belanggestel, Zimbabwe in sy kobalt en koper, Namibië in sy diamante en Uganda in sy goud. In 1999 het die OAE probeer om vir 'n vredeskikking te onderhandel, maar was onsuksesvol om vrede te bewerkstelling ten spyte van die betrokkenheid van die V.V.O. en die Europese Unie. Op 16 Januarie 2001 is Kabila vermoor en deur sy seun, Joseph Kabila, opgevolg. Hy was oop vir onderhandelinge en op 3 April 2003 is 'n ooreenkoms in Sun City, Suid-Afrika, onderteken.

Tydens al hierdie gebeure het die wêreldmagte wat die nouste by Afrika betrokke was – die VSA, Brittanje en Frankryk – min of niks gedoen om menseregte, vrede en demokrasie te ondersteun nie. Selfs as lede van die V.V.O. het hulle min gedoen om dit wat Afrika se Groot Oorlog genoem word, stop te sit.


**BRON 2 D**

Die volgende is twee visuele bronne wat verwys na die afsetting van President Mobutu en die dood van President Laurent Kabila.

**FIGUUR 1**

Die volgende Kubaanse spotprent wys hoe Amerikaanse arms Mobutu oor die afgrond stoot met die woorde: 'die tyd vir verandering het aangebreek,' en die plasing van Laurent Kabila in sy plek. Kabila en Mobutu hou beide kopbene as septers vas [simbool van 'n heerser].

Die tyd vir verandering het aange-breek.




Sê vir hom om die kopstuk vir my te gee, baas, ek wil dit ook hê.

**FIGUUR 2**

Die volgende foto wys die rye mense in Kinshasa wat hulde gebring het aan Laurent Kabila met sy dood in 2001. Die woorde op die banier beteken: 'Laurent Desire Kabila, soldaat van die mense, ons sal jou nooit vergeet nie ...'



## VRAAG 3: HET DIE SLUIPMOORD OP CHRIS HANI DIE ONDERHANDELINGS-PROSES IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED?

### BRON 3A

Die volgende is 'n uittreksel oor Chris Hani, aangepas uit Rich Mkhondo se boek *Reporting South Africa*.

Tydens die paar geleenthede wat ek Hani van aangesig tot aangesig ontmoet het, het hy my opgeval as 'n vurige kampvegter vir vrede, 'n man wat warmte, 'n lus vir die lewe, teerheid en grenslose optimisme uitgestraal het. Maar toe het 'n Poolse immigrant met 'n kort, maar fel sarsie geweerskote Hani se lewe beëindig. Die vermeende sluipmoordenaar, Janusz Waluz, wat kort na die skietery in hegtenis geneem is, was 'n lid van die neo-Nazi-AWB sedert 1986. Die polisie het gesê dat die moordwapen, 'n 9mm Z88-pistool met 'n knaldemper, deel was van 'n besendeing wapens wat in 1990 uit die Lugmag se arsenaal gesteel is. Die man wat die wapens gesteel het, Piet Rudolph – leier van nog 'n regsgesinde organisasie, die Orde van die Boerevolk – is in 1991 vrygelaat na 'n amnestie-ooreenkoms tussen die ANC en die regering …

Toe die polisie Waluz se huis deursoek het, het hulle 'n moordlys gekry met die name van Mandela, Minister van Buitelandse Sake Pik Botha, Joe Slovo, ANC-onderhandelaar Mac Maharaj en Regter Richard Goldstone daarop. 'n Paar dae na Waluz se arrestasie is twee parlementêre lede van die Konserwatiewe Party, Clive Derby-Lewis en sy vrou, Gaye, ook van moord op Hani saam met Janusz Waluz aangekla.

Hani se moord het die mag van blanke ekstremiste om chaos te veroorsaak, uitgewys. Alhoewel hulle dikwels as 'n klein en onbelangrike, verdeelde groep malles bestempel is, het hulle met hierdie sluipmoord bewys dat hulle vanweë hulle geredelike toegang tot wapens en opleiding 'n destruktiewe mag was. Hulle het ook vryheid van beweging en handeling gehad en die polisie het hulle nie verhinder nie. Hani se dood het 'n gapende leemte in die ANC se leierskap gelaat. Hy was van 'n jonger generasie as Mandela, en sy unieke belangrikheid lê daarin dat hy sterk aantrekkingskrag vir jong township-strydlustiges gehad het, gedeeltelik vanweë sy kommunistiese oortuigings en gedeeltelik vanweë sy uitdagende houding as stafhoof van Umkhonto we Sizwe. Sy moordenaars het geweet dat gewone mense regdeur die land vir Hani liefhet. Sy gewildheid sou van hom 'n sleutelleier tydens die verkiesingsveldtog gemaak het, wanneer die ANC op hom sou staatgemaak het om die radikalisme van sy jonger ondersteuners in toom te hou – 'n rol wat hy reeds begin inneem het. In 'n kort outobiografie wat eenvoudig *My Life* genoem is en in pamflet-formaat by sy begrafnis versprei is, het Hani geskryf: *Die rassistiese regime het onwillig die wettigheid van ons stryd erken deur in te stem om saam met ons te gaan sit om te beplan hoe die onderhandelingsproses moet begin. In die huidige politieke situasie is die besluit deur ons organisasie om die gewapende handelinge te staak, die korrekte een en 'n belangrike bydrae tot die handhawing van die momentum van onderhandelinge.*

**BRON 3C**

Hierdie is deel van 'n toespraak op nasionale televisie deur Nelson Mandela aan die Suid-Afrikaanse volk na die dood van Chris Hani.

| |
|---|
| Met al die mag tot my beskikking, aan alle mense: bly kalm en eer die nagedagtenis van Chris Hani deur 'n gedissiplineerde vredesmag te bly. Chris Hani is onvervangbaar in die hart van ons nasie en mense. Aan die jeug van Suid-Afrika, ons het 'n spesiale boodskap vir julle. Julle het 'n held verloor. Julle het herhaaldelik gewys dat julle vryheid groter is as die mees kosbare geskenk, die lewe self. Maar julle is môre se leiers. Julle land, julle mense, julle organisasie wil hê julle moet met wysheid optree sodat ons duur verworwe demokrasie vir die nageslag beskerm en bewaar kan word. 'n Besondere verantwoordelikheid rus op julle skouers. Ons moenie toelaat dat aanhangers van oorlog en bloeddorstigheid aksies aan die gang sit wat ons land in 'n tweede Angola sal omskep nie. |

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 4: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK GEPOOG OM) SUID-AFRIKA VAN SY VERDEELDE VERLEDE TE GENEES?**

**BRON 4A**

Die volgende is uittreksels van standpunte oor die WVK.

**Standpunt 1: Deur Antjie Krog, 'n beroemde Suid-Afrikaanse skrywer en digter**

[Die WVK] bied ons meer as 'n manier van ontsyfering van die wonderwerk van ons tyd. Dit het 'n intense verhelderende kollig op Suid-Afrika se verlede geword. Want dit het toegelaat dat die verlede vertel kan word deur die persoonlike herinneringe van diegene wat voor die Kommissie getuig het … die mense wat hierdie stories vertel, saam met dié wat daarna luister, is lewendige Suid-Afrikaners. Hulle sukkel om individueel en gesamentlik 'n identiteit vir hulself te vind binne die skadu's wat steeds deur hul land se gewelddadige geskiedenis gewerp word. Baie stemme van hierdie land was lank stil, is nie gehoor nie en is dikwels verontagsaam voordat hulle in hulle moedertaal oor die mikrofone van Suid-Afrika se Waarheidskommissie gepraat het. Die stemme van gewone mense ... het die verloop van die geskiedenis bepaal.

**Standpunt 2: Deur Piet Meiring, 'n kommissaris in die WVK**

Was dit die moeite werd om na vore te kom? Vir oortreders wat jarelank onder 'n wolk gelewe het, het die proses 'n nuwe lewe beteken. Van die kant van sommige hoë-profielfamilies van slagoffers was daar ernstige besware. Die Biko-, Mxenge- en Goniwe-families van die Oos-Kaap het die proses as uiters onregverdig teenoor die slagoffers beskou. Hulle het so sterk hieroor gevoel dat hulle die amnestiewetgewing tot in die Konstitusionele Hof beveg het. Of die WVK met sy herstelmaatreëls daarin sal slaag om dit aan almal duidelik te maak dat die welwillende amnestie-aanbod aan oortreders gebalanseer word, deur 'n vergoeding aan slagoffers wat net so welwillend is, moet nog gesien word. Die volk sal oortuig moet word dat die proses net so 'slagoffer-vriendelik' as 'oortreder-vriendelik' is.

**Standpunt 3: Deur Mangosuthu Buthelezi, leier van die Inkatha Vryheidsparty.**

Ek erken dat ons 'n gemeenskaplike vennootskap met gedeelde waardes en 'n nuwe politieke identiteit moet opbou. Ek glo dat ons die waarheid oor die konflikte van die verlede aan die kaak moet stel en 'n gemeenskaplike geskiedkundige geheue moet skep wat ons kan inspireer in ons strewe na die toekoms. Ek glo dat ons nasionale versoening moet nastreef en tegnieke moet ontwikkel om die wonde van die verlede te genees sodat mense toegelaat word om te vergewe, indien nie selfs te vergeet nie. Ek het egter altyd my sterk bedenkinge uitgespreek of die WVK die korrekte instrument was om enige sulke welverdiende doelstellings te bereik.

**BRON 4B**

Hierdie spotprent deur Zapiro wat in die *Sowetan* verskyn het, toon Aartsbiskop Desmond Tutu en Alex Boraine wat die werksaamhede van die WVK laat begin het.



## BRON 4C

Die volgende is twee stelle notas wat deur Adriaan Vlok, voormalige Minister van Wet en Orde, en PW Botha, voormalige President van die Republiek van Suid-Afrika, voorgelê is.

**Uittreksel 1: WVK-notas, voorgelê deur Adriaan Vlok tydens sy amnestie-aansoek**

Die aansoeker, mnr. Adriaan Johannes Vlok, noem dat hy by die bombardering van Khotso House in Johannesburg betrokke was, nadat hy opdrag van PW Botha gekry het om die gebou te vernietig … Daar is geglo dat Khotso House as 'n vergaderplek van die ANC en ander anti-apartheidsorganisasies gebruik is. PW Botha het Adriaan Vlok dus beveel om die gebou onbruikbaar te maak … Mnr. Vlok het ondersoek ingestel en aan mnr. Botha teruggerapporteer dat Khotso House as 'n ANC-huis vir veiligheid gebruik is … Mnr. Vlok beweer dat nadat die gebou beskadig is, mnr. Botha die SAP en mnr. Vlok met die suksesvolle operasie gelukgewens het.

**Uittreksel 2: Hierdie is deel van die persoonlike korrespondensie van voormalige President PW Botha aan Aartsbiskop Desmond Tutu, hoof van die WVK**

Aangaande die bewerings rakende my sogenaamde betrokkenheid by die Khotso House-ontploffing, wil ek net die volgende sê: die bewerings is tot op datum ongetoetste, onbevestigde en ongegronde hoorsê [onbewese gerugte] ... daar behoort geen twyfel rakende my posisie ten opsigte van die volgende te wees nie: Ek is nie skuldig aan enige daad waarvoor ek om verskoning of om amnestie moet vra nie. Ek beoog daarom nie om dit te doen nie. Ek het niks om weg te steek nie.

## ERKENNINGS

Visuele beelde en ander geskiedkundige bewyse is uit die volgende boeke geneem:

Bradley, C 1996 Causes and Consequences of the End of Apartheid (Raintree Steck – Vaughn)
Clark, JF 2002 The African States of the Congo War (Palgrave)
Christie, K 2000 *The South African Truth Commission* (Palgrave Publishers)
Dlamini, N et al. 2007 *Shuters History Grade 12* (Shuter & Shooters Publishers)
Bottaro, J et al. 2007 *Oxford in Search of History Grade 12* (Oxford University Press)
Culpin, C 2000 *South Africa Since 1948* (John Murray Publishers)
Friedman, M et al. 2007 *Focus on History*: *Looking into the Past Grade 12* (Maskew Miller Longman)
Govender, SP et al. 2007 *New Generation History Grade 12* (New Generation Publishing Enterprises)
Graves, F et al. 2007 *Moments in History* (Juta Gariep)
Meiring, P 1999 *Chronicle of the Truth Commission: A Journey Through the Past and Present – Into the Future of South Africa* (Carpe Diem Books)
Mkondo, R 1993 *Reporting South Africa* (Heinemann Publishers)
Morris, M 2004 *Every Step of the Way*: *The Journey to Freedom in South Africa* (Cambridge University Press)
Roberts, M 2001 *South Africa 1948 – 1994* (China, Longman)
*Sowetan* (1 December 1998)
*Sunday Times:* How Hani Died (11 April 1993 edition)
Woods, D 2001 *Nelson Mandela – The Illustrated Long Walk to Freedom* (Little Brown)

Kopiereg voorbehou